

16 Augustus

**Skrifgedeelte: Matteus 10:32-42 (OAV)
Fokusgedeelte: Matteus 10:32, 33**

Vir Jesus ...

Om dienskneg te wees van Jesus Christus, beteken ook om Hom as jou Koning te erken. Juis daarom sal jy lojaal wees as dienskneg teenoor jou Koning. Selfs as die wêreld Hom verloën, sal jy Hom nie verloën nie. Petrus het begin huil toe hy die haan hoor kraai. Hy het besef hy het sy Here verloën. Genadiglik kon Petrus dit later herstel en van sy liefde vir Jesus Christus getuig.

Om vir Jesus te lewe, beteken om Hom te bely, al moet jy ook vir daardie belydenis sterwe. Wie Jesus verloën, verloën ook die Vader. Wie Jesus bely, bely ook die Vader. Hierdie belydenis van jou gaan vrede in die hart bring, maar nie noodwendig vrede in jou leefwêreld nie. Jy kan nie Jesus bely en vrede maak met al die dinge rondom ons wat Hom verloën nie.

In ons gelese gedeelte word juis gesê dat om Hom te volg, nie noodwendig vrede sal bring nie. Dit kan soms skeiding bring tussen 'n man en sy vader, tussen 'n dogter en haar moeder, ja, selfs huisgenote sal soms vyande word.

Jesus Christus vra dat ons Hom bo alles sal liefhê. Ja, selfs bo ons vader en ons moeder, bo ons seuns en ons dogters.

Hy was lojaal teenoor ons, getrou tot die dood, die dood aan die kruis. Wie Hom dus navolg, sal ook bereid wees om sy/haar lewenskruis te dra ter wille van Christus. Ons mag Hom nie verloën nie, ons wil ook nie.

Die vraag is: Is jou geloof sterk genoeg om te kan staande bly as die vrede rondom jou bedreig word? As jou geloof van jou offers vra, kan jy steeds by Christus bly staan? Alleen in en deur die Heilige Gees kan ons die krag ontvang om God nie te verloën nie.

Wees getrou aan Jesus Christus ongeag wat, dit oortref alles in waarde. Hy wat getrou is, getuig dat Hy jou naam sal bely voor die Vader in die hemel!

Sing: Psalm 68:1, 9 (1936)

Ds. JG Noëth (Kimberley)